Date : March, 19 , 2010 Publication : Beeld Page Number : 19

Gee ander 10 ook 'n plek

Staat het tale se rol erg misken

Die hooggeregshof-uitspraak dat die regering wetgewing en ander maatreëls moet deurvoer om groter taalgelykheid te bewerkstellig is 'n belangrike stap vorentoe wat veral moedertaalonderrig gaan bevorder, skryf Cerneels Lourens en Flip Buys.

Suid-Afrika se taalbestel word in art. 6 van die Grondwet gereël. Dit is deel van grondliggende bepalings wat ook voorsiening maak vir die vlag, volkslied en burgerskap, wat 'n aanduiding is van hoe belangrik die Grondwet se opstellers die taalbepalings bedoel het.

Daarom bly dit 'n klad op die regering se naam dat burgers die hof moes nader om die regering te dwing om die Grondwet na te kom met so 'n belangrike grondwetlike bepaling.

Die grondwetskrywers het in subart. 6(3)(a) 'n plig op die nasionale en provinsiale regerings gelê om 'n minimum van twee amptelike tale te gebruik. Munisipaliteite moet hulle taaldemografie in ag neem en daar is nie 'n minimum vereiste in subart. 6(3)(b) gestel nie.

Die gebruikskeuse van amptelike tale hang af van faktore soos gebruik, koste, streek en praktiese redes. Die probleem is dat die nasionale regering dit ongelukkig as maksimum vereiste vertolk en nie net as minimum vereiste nie. Daarom het die regering nog altyd deurgaans so min moontlik vir taalgelykheid probeer doen.

Nasionale taalwet

Die praktyk is dat grondwetlike vereistes soos die taalbepalings in nasionale wetgewing omgesit moet word sodat dit in werking gestel kan word.

Terwyl dit met feitlik alle ander grondwetlike artikels gebeur het, was daar 'n dawerende stilswye oor die taalbepalings en Cerneels Lourens het 'n hofbevel gevra om die regering te

dwing om 'n nasionale taalwet kragtens subartikel 6(4) daar te stel.

Die president het as hoof van die uitvoerende gesag die plig ingevolge art. 83 om die Grondwet te eerbiedig en te handhaaf en om saam met die kabinet wetgewing op te stel.

Kragtens art. 237 van die Grondwet moes daar spoedig aan grondwetlike verpligtinge voldoen word, terwyl daar in skedule 6 van die Grondwet bepaal word dat alle wette wat die Grondwet vereis binne 'n redelike tyd gefinaliseer moes word. Die regering het dus geen verskoning vir dié taalversuim gehad nie. Daar was geen onduidelikheid oor wat gedoen moet word nie.

Die dominante party het die Grondwet ongedaan gemaak sonder om 'n woord daarin te verander.

Oor 'n nasionale taalwet is wel oor 'n tydperk van sewe jaar van 1996 onderhandel. Die konsepwet is in November 2003 gepubliseer. Sedertdien het dit stof begin vergader totdat die kabinet op 25 Julie 2007, onder oud-pres. Thabo Mbeki, besluit het om die wet nie by die parlement in te dien nie. Dit is 'n duidelike oortreding van die Grondwet.

As alternatief het Lourens gevra dat, sou die hof nie wil gelas dat die regering die nasionale taalwet binne 'n redelike tyd finaliseer en promulgeer nie, wetgewende en ander maatreëls ingestel moet word om die gebruik van al die amptelike tale te reël en te monitor. Dit is die tegniese bewoording van subart. 6(4).

Hierdie subartikel meld dat die amptelike tale so gebruik moet word dat hulle billik en gelyk in aansien behandel sal word.

Daar is 'n soortgelyke plig op provinsiale regerings geplaas om wetgewende en ander maatreëls in te stel om hul gebruik van die amptelike tale in hul provinsie te reël en te monitor. Die Wes-Kaap het hul wet reeds in 1998 aanvaar.

Amptelike taalgelykheid

Die hof is in 'n aparte en bykomende versoek wat nie toegestaan is nie gevra om 'n bevel uit te reik dat die parlement alle amptelike tale gelyk moet behandel en nie teen enige amptelike taal mag diskrimineer nie. Subart. 9(3), 9(4) en 9(5) van die Grondwet maak voorsiening daarvoor dat daar nie onbillik teenoor die amptelike tale gediskrimineer mag word nie.

Volgens internasionale standaarde is die minimum voordeel van 'n amptelike taal dat alle wetgewing minstens in so taal gepubliseer moet word. Tans pas die parlement 'n beleid toe dat Engels gebruik word en op 'n rotasiebasis die ander tale.

Hulle gebruik subart. 6(3)(a) as grondslag, maar die parlement is nie deel van die uitvoerende gesag nie, maar is die wetgewende gesag. Die parlement diskrimineer dus teen die ander amptelike tale, wat daarop neerkom dat die parlement as hoogste wetgewende gesag die Grondwet ondermyn.

Hoër en laer funksies

Die belangrikheid van die taalwetgewing en 'n belangrike motivering waarom die saak aanhangig gemaak is, gaan oor die bevordering van die hoër taalfunksies.

Taalsosioloë tref onderskeid tussen hoë en laer funksies van 'n taal. 'n Taal funksioneer op hoë vlak wanneer dit as openbare taal, byvoorbeeld aan universiteite en in die howe, gebruik word.

Die laer funksies is net so belangrik, maar verwys na die informele en private gebruik van taal, byvoorbeeld by 'n braai, tuis en in opvoerings.

Daar is wetenskaplik bevind dat waar 'n taal nie op hoë vlak funksioneer nie, dit taan en uiteindelik kan uitsterf. Daarom word maatreëls getref om die hoër funksies van selfs wêreldtale soos Frans te bevorder.

Onwilligheid

Die probleem is dat die regering en 'n groot deel van die bevolking die belangrikheid van taal vir menslike ontwikkeling onderskat. Daar is byvoorbeeld 'n direkte verband tussen taalregte en 'n mens se ekonomiese kanse in die lewe.

Dit sien ons die laaste jare in Suid-Afrika, waar die onderwysstelsel se tragiese mislukking die grootste rede vir die vaardigheidskrisis is.

Maar taal is nie net op laerskool belangrik nie. Die land se beroepsopleiding het tot sover misluk en kon nie die opgeleide mensekrag lewer wat die land so nodig het nie. Afrikaanse beroepsopleiding is byvoorbeeld feitlik onbekombaar. So word duisende kinders deur taal uitgesluit van die kans op gehalte-opleiding en werkgeleenthede.

Die regerende elites in Afrika was nog altyd taal- en kultuurgewys vervreemd van hul wortels. Die onwilligheid om hul burgers se moedertale te bevorder is een van die groot redes vir die ellende van die vasteland.

Daarom word armoede verkeerdelik aan "Afrika-probleme" toegedig terwyl dit eintlik net oorkombare taalprobleme is. Die ANC wou tot sover nie leer uit hierdie foute nie. In Suid-Afrika is hierdie "Afro-Saksers" – soos Ali Mazrui dit stel – deel van die Mbeki-nalatenskap. Hierdie elite, volgens die historikus prof. Hermann Giliomee verpersoonlik deur Mbeki, is amper 'n eie etniese groep.

Hulle het hulself gestroop van hul etnisiteit. Hulle het die Brits-Amerikaanse kultuur aanvaar, praat 'n Engels deurspek met progressiewe sosiologiese terme, en bevorder die swart middelklas se belange in die naam van bevryding, bemagtiging en transformasie.

Hulle het vergeet dat die Indiese volksheld Gandhi reeds in 1927 geprotesteer het teen die vervreemding wat deur Engels veroorsaak is.

Hy het verwys na die "vergiftiging, denasionalisering en verstandelike slawerny" (*mental slavery*) wat Engels in die private en openbare lewe meegebring het.

Daar is genoeg voorbeelde soos in Indië, waar minderheidstale nie net erken word nie, maar waar maatreëls getref word om seker te maak dat dit ook tale van geleenthede, werkvooruitsigte en vordering in die lewe is.

Die erkenning van veeltaligheid is nie 'n bedreiging vir eenheid nie, maar eerder 'n voorwaarde vir die minderheid se lojaliteit aan die land en sy owerheid. As hierdie hofuitspraak bydra tot beter begrip vir hierdie waarheid, is dit 'n oorwinning vir almal in Suid-Afrika.

■ *Lourens is 'n prokureur van Brits wat die aansoek by die hof ingedien het en Buys is uitvoerende hoof van die vakbond Solidariteit. Solidariteit het Lourens in die hof bygestaan.*

Moedertaalonderrig tot op sekondêre skoolvlak

Grafika: SALOMÉ NOURSE